Kulture maak oop en musiek kom in

HANNELIE BOOYENS

MUSIEK: *Ons kruis paaie*, met Stef Bos, Laurika Rauch, David Kramer, Ray Phiri, Frank Boeijen, Denise Jannah, Koos Kombuis en Taliep Petersen. In die Oude Libertas-teater, Stellenbosch. Tot vanaand.

AS 'n mens wil begin sterre uitdeel vir die sukses van dié produksie, moet jy by Stef Bos begin. Dié Nederlandse liedjieboer was die dryfkrag agter die idee om vyf Suid-Afrikaanse en drie Nederlandse musikante byeen te kry vir 'n konsert.

Sowat van aangrypende kruisbestuiwing het lanklaas hier op 'n verhoog gebeur. 'n Mens kan seker weet dat *Ons kruis paaie* 'n rimpeleffek tot gevolg sal hê wat nog lank gevoel sal word – nie net wat die musikale samekoms betref nie, maar veral in die simboliese versoening wat bewerkstellig is.

Die trefkrag van die konsert moet eerstens toegeskryf word aan die kaliber musikante wat Bos nader gehark het. Van die agt is Frank Boeijen en Denise Jannah die enigste wat hier onbekend is. (Boeijen is 'n baie gewilde en bekroonde Nederlandse musiekster en Jannah is 'n Surinaamse jazz-sanger van formaat.)

Wanneer soveel groot geeste 'n verhoog deel, is daar 'n gevaar dat die afsonderlike stemme en style sal vervaag tot 'n afgewaterde roesemoes. In dié geval het presies die teenoorgestelde gebeur – die kunstenaars se unieke klanke is behou, maar word só sensitief gejukstaponeer én vervleg met ander invloede dat dit 'n mens met nuwe ore laat luister. (Met Ray Phiri se kitaarbegeleiding en Bos se trekklavierklanke kry Koos Kombuis se "Travel in Style" byvoorbeeld skielik 'n heel nuwe skakering.)

Sonder om te patroniseer of te versuiker het die musikante hulself oopgestel vir mekaar se woorde en wysies gedurende die drie weke wat hulle geslyp het aan die konsert. Ou musikale juweeltjies is afgestof en nuwe ritmes en harmonieë, geïnspireer deur die onderlinge samewerking, het wortel geskiet.

Daar was 'n deeglike bewussyn dat die byeenkom van die kulture in hierdie geval nie neutraal is nie en dat historiese onregte van die verlede nie buite rekening gelaat kan word nie.

Dit is miskien nie toevallig nie dat sowel Koos Kombuis as Ray Phiri liedjies oor of aan hul pa's gesing het, want die sonde van die vaders, wat verower, verdeel en vervreem het, is een van die spoke wat in *Ons kruis paaie* besweer is.

Die nageslag van slawe (Petersen en Jannah) kry hier die geleentheid om hul stemme te laat hoor op gelyke voet met die nageslag van koloniseerders (Bos, Boeijen), onderdrukkers (Rauch, Kombuis en Kramer) en die tot-onlangs-toe onderdruktes (Phiri).

Bos beskryf sy inisiatief as 'n poging om sowel die ooreenkomste as verskille tussen die kulture te vier. In die opsig is dit fassinerend om te hoor wat met 'n tradisionele liedjie soos "Suikerbossie" gebeur wanneer dit uit twee bodems geïnterpreteer word.

Bos se weergawe drup van melancholie, terwyl Petersen en Kramer se opgewekte weergawe die voete laat jeuk. Oor die verskille tussen "ons" en die Europeërs sing Kramer en Petersen tong in die kies: "We've got the beat – must be the heat, you've got the money".

Temas soos identiteit, liefde, musiek en die maan wat haar lig oor almal skyn, is die gemeenskaplike versugtings wat in dié produksie wys dat ons oor alle grense heen eintlik dieselfde lief en leed deel.

Een van die aangrypendste liedjies op die program is Boeijen se "Vaderland", waarin hy sonder 'n sweem sentimentaliteit 'n snydende ode aan sy "... niemandsland, ysland, bekrompe land, boereland ..." sing.

Ander hoogtepunte was Kramer se "Kruispad" ('n liedjie geïnspireer deur sy Karoo Kitaar Blues-projek) en Rauch se "Kom laat ons sing". Om Petersen 'n slawelied in Nederlands te hoor sing, was ook diep ontroerend.

Teen die einde van *Ons kruis paaie* besef 'n mens dat jy 'n getuie was van een van die belangrikste musiekgebeure van die afgelope dekade.